Afrikaners moet 'hul plek ken'

Het Afrikaners 'n besondere rol om te speel in 'n nuwe Suid-Afrika? Of moet hulle maar gewoonweg saam met almal in die land die moue oprol en aan die werk spring?

Deur Ronel Scheffer

'N MOEDSWILLIGE Nusas-student het herhaaldelik by 'n onlangse konferensie op Stellenbosch opgestaan om by verskeie van die sprekers te hoor of dit dan nou regtig nodig is om spesiale debatte te voer oor die rol van die Afrikaner in 'n nuwe Suid-Afrika.

Dit was 'n goeie vraag veral in die lig van die feit dat almal weet wat 'n polities-uiteenlopende mengelmoes van mense Afrikaners is, en ook omdat niemand op die konferensie van die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring dit wou waag om prontuit te sê wie nou eintlik as 'n Afrikaner bestempel kan word nie.

In die dae van toenadering en onderhandeling sou dit 'n ernstige politieke flater wees om die eenvoudige waarheid, gelouter tot die absolute minimum vereiste, kaalkop te stel: tot apartheid verdwyn sal 'n Afrikaner 'n wit geklassifiseerde wees wat Afrikaans as moedertaal êrens in die familie het, en natuurlik ook 'n bietjie erkenning aan die kultuur gee. Afrikanerskap is iets waaroor 'n mens tegelykertyd trots en baie skaam moet wees, en waarvan jy nooit kan ontsnap nie al is die oorspronklike sonde nou ook deur die vadere gepleeg. Dr Neville Alexander van die National Language Project is bruin en praat standaard Afrikaans maar kwalifiseer nie as 'n Afrikaner nie. En al is Patrick Lekota van die ANC se Afrikaans plek-plek beter as die van sommige Afrikaners, kan hy – as hy enigsins wou – ook nie die paal haal nie.

Maar die Nusas-student was heelwaarskynlik kriewelrig om 'n ander rede. Afrikaners vergeet soms om hulle plek te ken, en hul gewaande unieke aard en status in die land is 'n kwessie wat Engelssprekendes veral lankal vervies. Noudat die ANC na die Afrikanergemeenskap vry – om politieke en ander beter redes – steek die hubris weer sterk kop uit. Dit sal ironies wees as Afrikaners nou – op 'n stadium wanneer die geskiedenis hulle as't ware 'n tweede kans gun om hul trots te herwin – weer hulle eie waarde oorskat.

Daar is natuurlik 'n tikkie jaloesie wat gepaard gaan met die frustrasie van Engelssprekendes, gevoed deur kulturele meerderwaardigheid en ergerlikheid dat hulle deur die "dom" boere regeer moet word. Maar dit doen geen afbreek aan die geldigheid van hul besware nie.

Afrikaners, dikwels selfs die mees verligtes onder hulle, bly heel anachronisties na verskonings soek om hulself af te sonder in sub-groepe. Kulturele sentimentaliteit, eiebelangrikheid, eksklusiwiteit en self-bejammering is faktore wat dit aanhelp. Dit sou dan so swaar wees om 'n Afrikaner te wees – die struggle vertrou jou nie; niemand het waardering vir die opofferings wat jou politieke oortuigings van jou eis nie, of 'n benul van die vreeslike pyn wat met verandering gepaard gaan nie.

Jong Afrikaners verwag medaljes vir hul dapper "breek met apartheid" en verlustig hulle in aanvalle op die wat nog nie in die kraal van die "nuwe" Suid-Afrika aangekom het nie. 'n Verskriklike bohaai word gemaak wanneer 'n Afrikaner by die ANC se militêre vleuel aansluit – die stroom Engelssprekendes wat dit al dekades lank doen vergelyk glad nie.

'Die toekoms van hierdie land gaan nie oor die vrese en bewinge en sombere horisonne van die Afrikaner nie'

Cobus de Swardt, links, en Ben Cronje.

BY DIE SAAK-konferensie het Breyten Breytenbach hierdie soort Afrikaner-sentrisme as "belaglik, oneerlik en arrogant" bestempel. "Die toekoms van hierdie land gaan nie oor die vrese en bewinge en sombere horisonne van die Afrikaner nie," het hy gesê, "maar 'n konferensie het seker 'n tema nodig."

Die joernalis Hennie Serfontein het 'n beroep gedoen vir 'n bietjie meer beskeidenheid aan die kant van die regering en die Afrikaanse koerante in die tye van onderhandeling. Die verlede is nog lank nie verwerk nie en ons moet nog baie meer openbare skuldbelydenisse soos die van adjunk-minister Leon Wessels sien.

Dieselfde geld natuurlik ook vir Afrikaners links van die regering wat hul minder progressiewe mede-Afrikaners half kopskuddend en onbegrypend benader. Die genade word dikwels verwar met verdienstelikheid en geen Afrikaner kan sê hy of sy is niks aan die genade verskuldig nie. Afrikaners se toekoms in die land sal ook steeds afhanklik wees van 'n milde maat van genade.

Die neiging van Afrikaners om andersdenkendes in eie geledere te onteien of af te maak as rare verskynsels, is by die konferensie deur die vurige ANC-voorsittter vir Kaapstad-Sentraal, Cobus de Swardt, geopper. Regsgesindes, het De Swart gesê, word verkeerdelik as die "nuwe booswigte" van Suid-Afrika uitgekryt. Hul ideologiese vader, die Nasionale Party, het hulle verlaat en weier nou om verantwoordelikheid te aanvaar vir die mense wat gevorm is deur sy beleid.

De Swardt se raad aan Afrikaners was om hulle kulturele hang-ups opsy te skuif en om die keuse van 'n "African" te maak; om te begin bou aan 'n nuwe Suid-Afrika, sy aan sy met hul mede-burgers van alle tale en kleure. "Die novelty van 'n whitey in die struggle wees, is lankal verby," het hy gesê.

Die rapport en wedersydse respek wat bestaan tussen Afrikaner en swart Suid-Afrikaner is duidelik wanneer hulle as gelykes ontmoet. Die moontlikheid van versoening tussen die twee kulture kan 'n rampspoedige duiseligheid tot gevolg hê, wat kan lei tot kortsigtige gelowe soos dat Afrikaner en ANC alleen die land se probleme kan oplos en dat ander groepe nie eintlik 'n belangrike rol te speel het nie.

Ironies genoeg was Dr Ben Cronje van die FAK een van die nederigste partye by die SAAK-konferensie. Sommige sal sê dat die FAK baie het om oor nederig te wees, maar party van hul leiers weet darem wanneer hulle die minste moet wees. Dr Cronje het half ontuis gelyk op die verhoog langs De Swardt, maar hy het moedig sy sê gesê – niks opspraakwekkends nie, maar ook nie arrogant of skynheilig nie.

Die kultuur-identiteit van die Afrikaner is oor die jare heen verpolitiseer en misbruik vir politieke gewin, het hy gesê. Die praktyk het egter reeds bewys dat Afrikanerskap nie aan 'n spesifieke politieke identiteit gekoppel kan word nie. Afrikaners het 'n verantwoordelikheid om hierdie persepsie reg te stel.

Afrikaners moet geleenthede skep om met ander in die land te kommunikeer. Hulle sal 'n goeie toekoms in die land hê as hulle daarin kan slaag om die respek van ander af te dwing, maar hierin kan hulle alleen slaag deur respek aan ander te betoon.

Ronel Scheffer is die Direkteur van Publikasies by Idasa.